OPENBARING

Ons kyk vandag na die laaste deel van ons Preekreeks oor Openbaring, spesifiek Openbaring 20-22.

Lees saam Openbaring 20. *Merk watter geloofsekerhede jy daarin raaklees, en ook watter besonderhede vir jou minder duidelik is*.

Openbaring 20:1-5

'Toe het ek 'n engel uit die hemel uit sien kom met die sleutel van die onderaardse diepte en met 'n groot ketting in sy hand. Hy het die draak, die slang van ouds, wat die duiwel en die Satan is, gegryp en hom vir duisend jaar vasgebind. Hy het hom in die onderaardse diepte gegooi, dit toegesluit en dit bokant hom verseël sodat hy nie meer die nasies kan verlei voordat die duisend jaar om is nie. Daarna moet hy 'n klein rukkie losgelaat word. Toe het ek trone gesien en die siele van die mense wat onthoof is omdat hulle aan die getuienis van Jesus en die woord van God vasgehou het. Hulle het op die trone gaan sit, en aan hulle is die bevoegdheid gegee om as regters op te tree. Dit is hulle wat nie die dier en sy beeld aanbid het nie en nie die merk op die voorkop en op die hand aanvaar het nie. Hulle het lewend geword en saam met Christus duisend jaar lank geregeer. Dit is die eerste opstanding. Die ander dooies het nie lewend geword voordat die duisend jaar om was nie.

Openbaring 20:7-10

'Wanneer die duisend jaar om is, sal die Satan uit sy gevangenskap losgelaat word. Dan sal hy gaan om die nasies wat tussen die vier uithoeke van die aarde is, die Gog en Magog, te verlei, en om hulle byeen te bring vir die oorlog. Hulle is so baie soos die sand van die see. Hulle het oor die hele oppervlakte van die aarde aangekom en die laer van die gelowiges en die geliefde stad omsingel. Toe het daar vuur van die hemel af gekom en hulle verteer. Die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swael gegooi, daar waar die dier en die vals profeet ook is. Hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid. '

Openbaring 20:11-15

'Toe het ek 'n groot wit troon gesien en die Een wat daarop sit. Die aarde en die hemel het voor Hom padgegee, en daar was nie meer plek vir hulle nie. Ek het die dooies, groot en klein, voor die troon sien staan, en die boeke is oopgemaak. Daar is ook 'n ander boek oopgemaak, dit is die boek van die lewe. Die dooies is toe geoordeel volgens wat daar in die boeke geskrywe staan oor alles wat hulle gedoen het. Die see het die dooies teruggegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dooies teruggegee wat in hulle was, en oor elkeen is geoordeel volgens wat hy gedoen het. Toe is die dood en die doderyk in die vuurpoel gegooi. Dit is die tweede dood, die vuurpoel. As daar gevind is dat iemand se naam nie in die boek van die lewe geskrywe staan nie, is hy in die vuurpoel gegooi.'

1-3:
Kerkera

7 jaar v
verdrukking

19:
Jesus keer terug

1000 jaar
heerskappy

21:
Finale oordeel

22:
Nuwe hemel
en aarde



Daar is baie verskillende sienings en interpretasies van Openbaring en dit kan nogal verwarrend en deurmekaar wees om te weet wat is seker en absoluut.

Die volgende dinge is wel seker:

- God praat deur Sy kerk en ons is heel moontlik nou aan die einde van die kerkera (alhoewel sommiges glo die kerkera is reeds verby)
- Daar gaan ‘n tyd van verdrukking en verwoesting op geestelike, ekonomiese, natuurlike en politieke vlak wees (alhoewel sommiges glo dat gelowiges die ergste daarvan gaan vryspring)
- Jesus kom weer en daar gaan ‘n oordeelsdag wees
- Satan gaan vasgebind word (en finaal oorwin word)
- Ongelowiges gaan in die vuurpoel beland en diegene wie se naam in die boek opgeskryf is, gaan ‘n ewigheid saam met God in die nuwe Jerusalem spandeer.

In Openbaring 20 lees ons van ‘n eerste opstanding, tweede dood, laaste oordeel en ‘n nuwe hemel en aarde, van 1000 jaar van vrede, Satan wat vasgebind word en weer vrygelaat word…

Die grootste twyfel onder gelowiges het te make met die kronologie van Openbaring. Ons weet dat hierdie dinge wel gaan gebeur soos God belowe het, maar ons weet nie presies wanneer en in watter volgorde nie.

Openbaring is nie noodwendig kronologies geskryf nie. Die 1000 jaar waarna daar in Openbaring 20 verwys word, word op verskillende maniere interpreteer. Kyk bietjie na onderstaande tabel vir ‘n kort oorsig van verskillende sienings:

Millenium – 1000 jaar

SIENING	*Premillenium*	*Amillenium*	*Postmillenium*
Die Millenium	Letterlike 1000 jaar	Figuurlike tydperk	Figuurlike tydperk
Christus se heerskappy	Letterlike aardse heerskappy Saam met gelowiges	Geestelike heerskappy Hemelse troon Harte van gelowiges	Geestelike heerskappy Hemelse troon Harte van gelowiges
Binding van Satan	Satan word vasgebind vir 1000 jaar as Jesus weer kom	Satan is reeds vasgebind en ons wag op Jesus se wederkoms	Satan is reeds vasgebind sodat mense evangelie kan aanneem Wag op Jesus se wederkoms
Geskiedenis van mensdom	Raak erger	Raak erger	Raak beter

Wat is die dinge wat vir jou vasstaan?

Wat is die dinge wat vir jou moeilik is om te glo?

As jy rondom jou kyk, dink jy evangelisasie is suksesvol en Christenskap kan meer prominent raak in die wêreld?

As jy rondom jou kyk, dink jy die Satan is reeds vasgebind? Alhoewel sonde steeds sigbaar en ons vatbaar daarvoor is, dink jy die mag wat dit oor ons het, is reeds gebreek?

Om van mekaar te verskil is nie noodwendig sleg nie! Ons het mekaar nodig om alle kante van die waarheid te kan sien, solank ons vashou aan dit waarvan ons seker is!

Jesus Christus het aan die kruis gesterf vir ons sonde, opgestaan en sit aan die regterhand van God die Vader!

Moenie laat die onsekerhede jou in jou geloof laat wankel nie.

Regdeur al die onsekerhede en verskillende sienings, is daar 7 pragtige seeninge in die boek van Openbaring – dit is wat God wil hê jy moet raaklees en mag dit jou rigtingwyser en stabiliteit in ‘n onseker wêreld wees!

Onthou jy die saligsprekinge wat Jesus tydens sy bergpredikasie verkondig het? Hierdie 7 seeninge herinner ons waar geluk, vrede en ‘n verhouding met Christus lê. Soos in die res van Openbaring, verwys die getal 7 na volmaaktheid, finaliteit, volledigheid.

7 seëninge

Openbaring 1:3 - 'Geseënd is die een wat die woorde van hierdie profesie lees, en die mense wat dit hoor en wat ter harte neem wat daarin geskrywe staan, want die eindtyd is naby

EERSTE SEENING

- Hou aan om jou Bybel te lees as die Woord van God. Moenie wegskram van enige van dit af nie, al is dit onverstaanbaar.
- Hou aan om daaroor te preek, te praat, daarin te groei en te leer, al verskil jy van ander mense.
- Bly besig met die dinge van die Here – nie omdat goeie werke jou in die hemel gaan kry nie, maar omdat jy nie vatplek vir die duiwel wil gee om jou te verlei nie

Openbaring 1:3 - 'Geseënd is die een wat die woorde van hierdie profesie lees, en die mense wat dit hoor en wat ter harte neem wat daarin geskrywe staan, want die eindtyd is naby

Openbaring 14:13 - 'Toe het ek 'n stem uit die hemel hoor sê: “Skryf op! Geseënd is dié wat van nou af in die Here sterwe.” “Ja,” sê die Gees, “hulle sal rus van hulle arbeid, want alles wat hulle gedoen het, volg hulle.” '

TWEEDE SEENING

- Dit verwys na gelowiges wat reeds gesterf het, maar ook huidige gelowiges wat hul lewens vir Christus moet neerlê
- Jou werke is nie verniet nie, al pluk jy nie nou die vrugte daarvan nie, al voel jy alleen teen die wêreld, uitgeskop, verwerp, uitgesluit

Openbaring 1:3 - 'Geseënd is die een wat die woorde van hierdie profesie lees, en die mense wat dit hoor en wat ter harte neem wat daarin geskrywe staan, want die eindtyd is naby

Openbaring 14:13 - 'Toe het ek 'n stem uit die hemel hoor sê: “Skryf op! Geseënd is dié wat van nou af in die Here sterwe.” “Ja,” sê die Gees, “hulle sal rus van hulle arbeid, want alles wat hulle gedoen het, volg hulle.” '

Openbaring 16:15 - 'Geseënd is die een wat wakker bly en sy klere reghou, sodat hy nie kaal hoef te loop en die mense sy skande sien nie.” '

DERDE SEENING

- Jy is geklee in Christus se identiteit en met die geregtigheid van God
- Wees gereed te alle tye
- Kweek ‘n daaglikse verhouding met Christus
- Sien uit en leef nou reeds met die verwagting van die wederkoms en die Ewige Lewe

Openbaring 19:9 - 'Toe sê die engel vir my: “Skryf op: Geseënd is hulle wat na die bruilofsmaal van die Lam uitgenooi is.” Verder sê hy vir my: “Dit is die woorde van God, en hulle is waar.’

VIERDE SEENING

- Christus roep jou en praat met jou – jy is uitgenooi na die Bruilofsmaal
- Jy is reeds uitgekies en by die Naam geroep – jy hoef niks te doen om dit te verdien nie
- Gaan jy die uitnodiging na die bruilofsmaal aanvaar?

Openbaring 19:9 - 'Toe sê die engel vir my: “Skryf op: Geseënd is hulle wat na die bruilofsmaal van die Lam uitgenooi is.” Verder sê hy vir my: “Dit is die woorde van God, en hulle is waar.’

Openbaring 20:6 - 'Geseënd en heilig is dié wat aan die eerste opstanding deel het. Oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom die duisend jaar lank regeer. '

VYFDE SEENING

- Die eerste opstanding verwys waarskynlik na die tyd wat ons saam met Christus spandeer as gelowiges sterf (terwyl ons wag vir die wederkoms) of wanneer gelowiges weggeraap word (volgens pre-millenialistiese siening)
- Gelowiges gaan saam met Christus heers en ons deel in Sy outoriteit en mag en gesag – ons is priesters en konings in Sy koninkryk – ons kry ‘n ereplek en Hy ken ons by die naam

Openbaring 19:9 - 'Toe sê die engel vir my: “Skryf op: Geseënd is hulle wat na die bruilofsmaal van die Lam uitgenooi is.” Verder sê hy vir my: “Dit is die woorde van God, en hulle is waar.’

Openbaring 20:6 - 'Geseënd en heilig is dié wat aan die eerste opstanding deel het. Oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom die duisend jaar lank regeer. '

Openbaring 22:7 – ‘Geseënd is elkeen wat die woorde van hierdie profetiese boek ter harte neem.”

SESDE SEENING

- Die woorde van Openbaring is daar om ons te bemoedig, aan te spoor, te beskerm, met liefde en ontsag te vul
- Glo dit, leef dit!

Openbaring 22:14- “Geseënd is dié wat hulle klere was, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en deur die poorte in die stad kan ingaan. '

SEWENDE SEENING

- Ons kan uitsien na lanklewendheid, ‘n nuwe lewe in ‘n nuwe stad waar ons permanent in God se teenwoordigheid kan wees en nie afgesny is van Hom deur die wêreldse verdrukking nie
- Geen meer pyn, lyding, skuld en skaamte, vyandskap en alleenheid nie.
- Die Nuwe Jerusalem het hoë mure en twaalf hekke. Dit is nie om vyande af te keer nie, maar om eenheid tussen ons en God te behou en ons naby aan Hom te hou.

Nuwe Jerusalem

LEES JESAJA 65:17-25

In die nuwe Jerusalem kan jy uitsien na:

- Jy gaan daar wil wees – dit gaan vir grootste ideale en drome oortref
- Jy gaan van almal daar hou – daar gaan geen ongelowiges of sonde wees nie
- Die goeie gaan behoue bly, die slegte gaan weg wees
- En dit gaan nooit ophou nie!

BID SAAM

Here, versterk ons geloof sodat ons nie sal twyfel, bang wees of onseker nie, maar sal vasstaan in U Woord

Help ons om nou reeds voor te berei en te leef volgens U wil sodat ons gereed sal wees vir die wederkoms

Help ons om goeie keuses in ons lewe te maak, te groei en aan te hou leer in nederigheid.

AMEN. Lees Openbaring 22:20-21 as seengroet.